- 2.5 beteken "**handelsgebied**" 'n gebied ten opsigte waarvan 'n handelsplan ingevolge dié Verordening aanvaar is;
- 2.6 beteken "**handelsplan**" 'n handelsplan wat die Stad aanvaar het om informele handel binne 'n handelsgebied te bestuur;
- 2.7 beteken "**histories benadeelde individu**" 'n Suid-Afrikaanse burger wat
- 2.7.1 'n swart persoon is;
- 2.7.2 'n vrou is; en/of
- 2.7.3 'n ongeskiktheid het;

- 2.8 beteken "**hoogwatermerk**" die *hoogwatermerk* soos omskryf in die Seestrandwet, Wet 21 van 1935, soos van tyd tot tyd gewysig;
- 2.9 beteken "**informele handel**" die handeldryf in goedere en dienste in die informele sektor deur 'n informele handelaar en wat tipies die soorte handel uitmaak wat in artikels 3.1 en 3.2 beskryf word;
- 2.10 beteken "**informele handelaar**" 'n persoon of onderneming wat nie geregistreer of geïnkorporeer is ingevolge die korporatiewe wette van Suid-Afrika nie, en wat informeel handel dryf;
- 2.11 beteken "**mark**" 'n afgebakende gebied binne 'n handelsgebied wat as sodanig in 'n handelsplan bestem is en wat op 'n gekoördineerde manier bestuur word;
- 2.12 beteken "**nie-Stadseiendom**" eiendom wat binne die regsgebied van die Stad geleë is, maar wat nie deur die Stad besit of verhuur word nie, of onder sy bestuursbeheer is nie;
- 2.13 beteken "**onwettige goedere**"
- 2.13.1 goedere waarvan die verkoop of koop onwettig is (met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie) soos omskryf in die Wet op Vervalste Goedere, Wet 37 van 1997);
- 2.13.2 goedere wat op 'n wyse gekoop of verkoop word wat die wet oortree;
- 2.14 beteken "**permithouer**" 'n informele handelaar aan wie die Stad 'n permit toegestaan het om informeel in 'n handelsgebied handel te dryf;
- 2.15 beteken "**raad**" of "**die raad**" die raad van die Stad soos bedoel in artikel 118 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998;
- 2.16 behou "**seestrand**" dieselfde betekenis soos dit omskryf is in die Seestrandwet, Wet 21 van 1935, soos van tyd tot tyd gewysig;
- 2.17 beteken "**spesiale geleenthede**", maar is nie daartoe beperk nie, sportgeleenthede, aandmarkte, kulturele geleenthede, musiekfeeste, reklame- en verfilmingsaktiwiteite, en godsdienstige geleenthede;

- 2.18 beteken "**Stad**" die munisipaliteit van Kaapstad, behoorlik tot stand gebring ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1988;
- 2.19 beteken "**Stadseiendom**" eiendom wat deur die Stad besit of verhuur word, of onder sy bestuursbeheer is;
- 2.20 beteken "**Stelselwet**" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000;
- 2.21 beteken "**strand**" die gedeelte grond bokant die seestrand en aangrensend aan die seestrand en sluit enige rand in (waar sodanige rand bestaan);
- 2.22 beteken "**strandhandel**" enige informele handel wat op 'n strand plaasvind, met inbegrip van handel op 'n parkeerterreine aangrensend aan die strand;
- 2.23 is "**swart persoon**" 'n generiese term soos bedoel in die *Employment Equity Act*, Wet 55 van 1998, en beteken dit Swartes, Kleurlinge, Indiërs en Suid-Afrikaanse Chinese persone;
- 2.24 beteken "**Wet op Besighede**" die Wet op Besighede, Wet 71 van 1991, met inbegrip van enige regulasies wat ingevolge daarvan uitgereik is.

### 3. Tipes Informele Handel

- 3.1 Informele handel kan onder andere die volgende insluit -
- 3.1.1 straathandel;
- 3.1.2 handel in voetgangerwandellane;
- 3.1.3 handel op markte;
- 3.1.4 handel by vervoerkruisings;
- 3.1.5 handel in openbare oop ruimtes;
- 3.1.6 mobiele handel, byvoorbeeld uit karavane en bakkies;
- 3.1.7 swerfhandelaars; en
- 3.1.8 handel by spesiale geleenthede.

- 3.2 Strandhandel sluit in –
  - 3.2.1 handel op vaste handelspersele;
  - 3.2.2 mobiele handel, byvoorbeeld uit karavane en bakkies;
  - 3.2.3 swerfhandelaars; en
  - 3.2.4 mobiele en/of verwyderbare kiosks.

#### 4. VRYHEID OM INFORMEEL HANDEL TE DRYF

Informele handel word in enige gebied binne die Stad se regsgebied toegelaat, onderhewig aan handelsplanne wat die Stad aanvaar het, die bepalings van dié Verordening en enige ander toepaslike wet.

#### 5. AANVAARDING VAN HANDELSPLANNE

- 5.1 Die Stad moet, waar dit van toepassing is, handelsplanne aanvaar, veral in gebiede waar daar 'n wesentlike oorsleueling tussen formele en informele handel is. 'n Handelsplan kan informele handel op nie-Stadseiendom toelaat en reguleer, onderhewig aan die regte van die eienaars van sodanige eiendom.
- 5.2 'n Handelsplan moet
  - 5.2.1 die geografiese grense van die handelsgebied definieer; en
  - 5.2.2 informele handelspersele en markte afbaken waar informele handel toegelaat word, buite welke handelspersele en markte informele handel in die betrokke gebied verbode is.
- 5.3 'n Handelsplan kan ander aangeleenthede insluit wat informele handel in die betrokke handelsgebied reguleer, byvoorbeeld
  - 5.3.1 die voorskryf van enige informele-handelsvoorwaardes, met inbegrip van sodanige bepalings en voorwaardes wat opgelê sal word ingevolge permitte wat deur die Stad uitgereik sal word ingevolge artikel 8, en onderhewig aan enige vereistes van dié Verordening;



- 5.3.2 die wyse waarop maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling deur middel van die handelsplan bevorder sal word;
- 5.3.3 die wyse waarop sensitiewe erfenis- en omgewingsgebiede binne die beoogde handelsgebied beskerm sal word;
- 5.3.4 aangeleenthede rakende 'n mark wat in die betrokke handelsgebied geleë kan wees, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie,
  - 5.3.4.1 die afbakening van die gebied binne die handelsgebied wat 'n mark uitmaak;
  - 5.3.4.2 waar toepaslik, die afbakening van handelspersele binne die mark;
  - 5.3.4.3 die wetlike reëlings tussen die Stad en enige derde party ten opsigte van die verpligtinge wat met die algemene bestuur van die mark verband hou, ingevolge waarvan die derde party vir minstens die volgende verantwoordelik is -
    - 5.3.4.3.1 die bestuur van die werksaamhede van die mark;
    - 5.3.4.3.2 die bestuur van informele handelaars wat binne die mark werksaam is;
    - 5.3.4.3.3 om te sorg dat alle relevante persone aan toepaslike besluite deelneem;
    - 5.3.4.3.4 die bied van leiding aan die informele handelaars wat binne die mark werksaam is, ten opsigte van sakesteun en ontwikkelingsdienste; en
    - 5.3.4.3.5 enige diens benewens die dienste wat die Stad verskaf.
- 5.4 'n Handelsplan moet aan artikels 11, 12 en 13 van dié Verordening en aan enige ander wet voldoen.
- 5.5 Enige persoon is geregtig om te versoek dat die Stad die aanvaarding van 'n handelsplan oorweeg, met dien verstande dat waar 'n voorgestelde handelsplan beoog dat handel op 'n nie-Stadseiendom plaasvind, die

versoek van die skriftelike toestemming van die eienaar van sodanige nie-Stadsgrond vergesel word. Die Stad moet die versoek binne 'n redelike tydperk oorweeg en daaroor besluit.

- 5.6 Wanneer 'n versoek om die aanvaarding van 'n handelsplan oorweeg word, moet die Stad behoorlike oorweging skenk aan enige bestaande en voorgestelde handelsplanne in die omgewing van die voorgestelde handelsgebied, ten einde te bepaal of die aanvaarding van 'n handelsplan gewens is.

## **6. OPENBARE DEELNAME RAKENDE AANVAARDING VAN 'N HANDELSPLAN**

### **Openbare kennisgewing waarin kommentaar en besware gevra word**

Voordat 'n handelsplan aanvaar word, is die Stad verplig

- 6.1 om oorleg te pleeg met belanghebbendes en rolspelers wat geraak word, met inbegrip van die informele en formele sektore, met die oog op die opstel van 'n konsephandelsplan;
- 6.2 om 'n konsephandelsplan op te stel na die oorlegplegingsproses ingevolge artikel 6.1;
- 6.3 om kennisgewings in 2 (twee) plaaslike dagblaaie te publiseer wat versprei word in die gebied waarin die voorgestelde handelsgebied geleë is, tensy 'n gemeenskapskoerant gratis onder die publiek in sodanige gebied versprei word, in welke geval 1 (een) van die 2 (twee) kennisgewings in sodanige gemeenskapskoerant gepubliseer moet word, wat -
- 6.3.1 die sleutelaspekte van die konsephandelsplan bevat, en wat die publiek in kennis stel dat die konsephandelsplan op 'n spesifieke plek ter insae beskikbaar is; en
- 6.3.2 kommentaar en besware van die publiek uitnoui ten opsigte van sodanige konsephandelsplan, wat deur die Stad ontvang moet word binne 30 (dertig) dae van die publikasiedatum van die kennisgewing.
- 6.4 Wanneer die Stad 'n kennisgewing ingevolge artikel 6.3 publiseer, moet hy, waar dit toepaslik is, die inhoud van die kennisgewing per radio oordra deur middel van 'n plaaslike radiostasie wat in die betrokke gebied uitsaai.

### **Openbare vergadering**

- 6.5 In die kennisgewing waarna daar in artikel 6.3 verwys word, moet die Stad belanghebbendes en partye wat geraak word, na 'n openbare vergadering uitnooi.
- 6.6 Die openbare vergadering moet gehou word –
- 6.6.1 In die omgewing van die voorgestelde handelsgebied; en
- 6.6.2 Na 7 (sewe) dae, maar nie later as 60 (sestig) dae na die publikasiedatum van die kennisgewing wat ingevolge artikel 6.3 gepubliseer is nie.
- 6.7 Op die openbare vergadering moet die Stad –
- 6.7.1 verteenwoordig word deur 'n persoon wat behoorlik deur die Stad gemagtig is en wat aan die publiek wat op die vergadering teenwoordig is, 'n aanbieding moet doen waarin die konsephandelsplan verduidelik word;
- 6.7.2 redelikerwys antwoord op alle vrae wat met die konsephandelsplan verband hou, en wat die publiek op die openbare vergadering kan vra; en
- 6.7.3 belanghebbendes en partye wat geraak word, die geleentheid bied om op die openbare vergadering kommentaar te lewer en besware te opper, en sodanige kommentaar en besware moet opgeteken word.

### **Oorweging van opsies voor die aanvaarding van 'n handelsplan**

- 6.8 Die Stad moet alle besware of kommentaar oorweeg wat hy kan ontvang ingevolge die proses wat in dié afdeling uiteengesit is.
- 6.9 Nadat die raad die kommentaar en besware oorweeg het, moet hy binne 'n redelike tydperk van die aanvangs van die openbare-deelnameproses ten opsigte van die betrokke konsephandelsplan, ondanks die bepalings van enige ander wet, en op 'n vergadering van die raad
- 6.9.1 die konsephandelsplan aanvaar;

- 6.9.2 die konsephandelsplan wysig en aanvaar; of
- 6.9.3 die konsephandelsplan van die hand wys.
- 6.10 Ondanks die bepalings van artikel 59 van die Stelselwet, mag die raad nie die besluitnemingsbevoegdhede delegeer waarna daar in artikel 6.9 verwys word nie.
- 6.11 Ingeval die Stad 'n konsephandelsplan aanvaar, moet 'n kennisgewing in 2 (twee) dagblaaie publiseer wat in die voorgestelde handelsgebied versprei word, tensy 'n gemeenskapskoerant gratis onder die publiek in sodanige gebied versprei word, in welke geval 1 (een) van die 2 (twee) kennisgewings in sodanige gemeenskapskoerant gepubliseer moet word, en in die Provinsiale Koerant, wat die publiek in kennis stel
- 6.11.1 dat die konsephandelsplan as handelsplan aanvaar is;
- 6.11.2 van die sleutelaspekte van die handelsplan, met inbegrip van die datum waarop dit moet in werking tree; en
- 6.11.3 dat die handelsplan op 'n gespesifiseerde plek ter insae beskikbaar is.

## **7. WYSIGING, HERROEPING EN HERSIENING VAN HANDELSPLANNE**

Die Stad

- 7.1 Mag 'n aanvaarde handelsplan wysig of herroep, op voorwaarde dat
- 7.1.1 as die wysiging wesenlik van die handelsplan afwyk, die Stad aan artikel 6 moet voldoen met die nodige veranderinge wat deur die konteks vereis word, en verder op voorwaarde dat, waar persone nadelig deur 'n voorgestelde wysiging geraak word wat nie voldoening aan artikel 6 vereis nie, sodanige persone hulle billike administratiewe regte gebied sal word; of
- 7.1.2 in die geval van 'n herroeping moet die In Stad alle persone wat geraak word, hulle billike administratiewe regte bied;.
- 7.2 moet handelsplanne van tyd tot tyd hersien na gelang hy goeddink.

## 8. PERMITTE

- 8.1 Geen persoon mag informeel handel dryf op Stadseiendom in 'n handelsgebied sonder 'n geldige permit van die Stad nie.
- 8.2 Die Stad is daarop geregtig om die permithouer
- 8.2.1 handelsgelde te vra;
- 8.2.2 aansoekgelde te vra; en
- 8.2.3 en 'n bykomende bedrag of tarief te vra, wat die Stad na eie goeëdunke kan bepaal, ten opsigte van bykomende koste deur die Stad aangegaan of dienste deur hom gelewer, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, omstandighede waar die permithouer binne 'n mark handel dryf.
- 8.3 Ingeval 'n persoon vir 'n permit kwalifiseer, maar skriftelik gemotiveer het waarom hy/sy nie die gelde bedoel in artikel 8.2 kan betaal nie, en afdoende bewys daarvan gelewer het tot die redelike bevrediging van die Stad, kan die Stad heeltemal of deels van die gelde afstand doen, of 'n betaalstelsel bepaal waarvolgens die persoon die gelde oor 'n gestipuleerde tydperk in paaiemente kan betaal.
- 8.4 Ten einde vir 'n permit te kwalifiseer,
- 8.4.1 moet die aansoeker 'n informele handelaar wees;
- 8.4.2 mag die aansoeker nie reeds oor 'n permit beskik vir die handelsgebied ten opsigte waarvan daar om 'n permit aansoek gedoen word nie;
- 8.4.3 moet die aansoeker 'n Suid-Afrikaanse burger wees, by gebreke waarvan hy/sy oor 'n geldige werkspermit moet beskik, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, 'n vlugtelingepermit; en
- 8.4.4 mag die aansoeker nie meer as 20 (twintig) persone in diens hê of aktief van meer as soveel persone se dienste gebruik maak nie.
- 8.5 Die Stad moet die volgende faktore in ag neem wanneer 'n aansoek om 'n permit oorweeg word –

- 8.5.1 die aansoeker se vermoë om aan die betrokke handelsgebied se handelstye te hou, na gelang die Stad mag bepaal;
- 8.5.2 die behoefte daaraan om voorkeur te gee aan aansoekers wat histories benadeelde individue is;
- 8.5.3 waar daar 'n beperkte getal handelspersele in die handelsgebied beskikbaar is ten opsigte waarvan 'n permit verlang word, die behoefte daaraan om voorkeur te gee aansoekers wat nuwe toetreders tot informele handel binne die Stad sal wees;
- 8.5.4 die aard van die handelsware wat die aansoeker voornemens is om te verkoop, of die dienste wat die aansoeker voornemens is om te lewer, met inagneming van die ondernemings binne dié handelsgebied of in die onmiddellike omgewing daarvan;
- 8.5.5 die behoefte daaraan om voorkeur aan werklose aansoekers te gee;
- 8.5.6 die behoefte daaraan om voorkeur te gee aan aansoekers wat nie 'n huishouding met 'n bestaande permithouer deel nie, tensy
- 8.5.6.1 die getal beskikbare handelspersele vir die betrokke handelsgebied meer is as die getal aansoekers wat permitte vir dié handelspersele wil hê; of
- 8.5.6.2 die aansoeker wat 'n huishouding met 'n permithouer deel, nie van sodanige permithouer afhanklik is of finansieel op hom staatmaak nie;
- 8.5.7 of die aansoeker ingevolge dié Verordening aan 'n misdryf skuldig bevind is en/of sy permit herroep of opgeskort is;
- 8.5.8 of die aansoeker 'n geskikte persoon is om die wettige onderneming op die aangewese perseel te bedryf, hetsy na gelang van sy/haar karakter, met inagneming van enige skuldigbevinding wat teen/haar hom aangeteken is, of sy/haar vorige gedrag om enige rede;
- 8.5.9 waar handelsplanne aanvaar word in gebiede wat nie voorheen aan sodanige planne onderhewig was nie, die behoefte daaraan om voorkeur te gee aan aansoekers wat 'n gevestigde informele-

handelonderneming het op die plek waarvoor 'n nuwe handelsgebied aanvaar word.

- 8.6 Die Stad is daarop geregtig om na goeddunke bepalings en voorwaardes ten opsigte van permitte op te lê, onderhewig aan die voorwaardes van die toepaslike handelsplan, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, die reg om
- 8.6.1 die volgende te spesifiseer -
    - 8.6.1.1 die handelsure waartydens die permithouer mag handel dryf;
    - 8.6.1.2 die aard van die goedere of dienste waarmee die permithouer mag handel dryf; en
    - 8.6.1.3 die permithouer se handelsperseelnommer;
  - 8.6.2 'n alternatiewe handelsperseel in dieselfde handelsgebied aan die informele handelaar toe te wys;
  - 8.6.3 die soort struktuur (strukture) te spesifiseer, as daar is, wat op 'n handelsperseel en/of handelsgebied opgerig kan word;
  - 8.6.4 beslag te lê op handelsware ingevolge artikel 18.2 of artikel 18.8 in die geval van 'n oortreding van enige bepaling van dié verordening of enige ander wet;
  - 8.6.5 'n permit vir 'n spesiale geleentheid op te skort by redelike vooraf kennisgewing aan die informele handelaar waar die prakties moontlik is, met geen vergoeding betaalbaar aan die informele handelaar nie, nieteenstaande die feit dat informele handel by die spesiale geleentheid deur die Stad toegelaat kan word ingevolge artikel 14;
  - 8.6.6 by redelike vooraf kennisgewing aan die informele handelaar, en nadat die betrokke informele handelaar die geleentheid gebied is om skriftelike versoë te rig, 'n permit te herroep of op te skort ingeval 'n informele handelaar -
    - 8.6.6.1 strydig met enige bepalings van die permit en/of dié Verordening of enige ander wet handel;

- 8.6.6.2 aan handel in onwettige goedere skuldig bevind word of 'n diens onwettig lewer;
- 8.6.6.3 opsetlik verkeerde inligting verstrek wanneer inligting aan die Stad verskaf moet word;
- 8.6.6.4 ongeskik bevind word soos bedoel in artikel 8.5.8, met die nodige veranderinge wat deur die konteks vereis word.
- 8.7 Nieteenstaande die inhoud van die betrokke handelsplan, het die Stad die reg om, by redelike vooraf kennisgewing aan die informele handelaar, en sonder vergoeding betaalbaar deur die Stad aan die permithouer,
- 8.7.1 'n permithouer tydelik te verskuif;
- 8.7.2 die geldigheid van 'n permit tydelik op te skort; of
- 8.7.3 'n permithouer tydelik te verbied om op die betrokke handelsperseel handel te dryf;
- as dit nodig is om dit te doen as gevolg van die uitvoering van aktiwiteite wat voortgesette handel op die betrokke handelsperseel onprakties of uiters ongeleë maak.
- 8.8 Aktiwiteite waarna in artikel 8.7 verwys word, maar nie daartoe beperk is nie, sluit in instandhouding of konstruksie van infrastruktuur of geboue wat deur die Stad uitgevoer word, eiendomsontwikkelings, veranderings of opknappings deur enige entiteit, of aktiwiteite deur openbare entiteite wat ingevolge hulle bevoegdhede en funksies uitgevoer word.

## 9. OORDRAG VAN PERMITTE

- 9.1 'n Permit kan, met die skriftelike goedkeuring van die Stad, oorgedra word aan 'n afhanklike, of 'n helper wat namens die afhanklike optree, welke persoon sal aanhou handel dryf totdat die permit nie meer geldig is nie, ingeval –
- 9.1.1 van die afsterwe van die permithouer; en



- 9.1.2 die verlies aan inkomste wat deur die informele handel gegenereer word, die afhanklike aan onverdiende en ernstige ekonomiese ontbering blootstel.
- 9.2 'n Permit kan, met die skriftelike goedkeuring van die Stad, tydelik oorgedra word aan 'n afhanklike, of waar daar geen afhanklike is nie, aan 'n individu wat deur die permithouer benoem word, ingeval die permithouer –
- 9.2.1 vanweë siekte nie kan handel dryf nie, op voorwaarde dat
- 9.2.1.1 dat bewys van 'n mediese praktisyn aan die Stad gelewer word, wat sertifiseer dat die permithouer nie kan handel dryf nie; en
- 9.2.1.2 die afhanklike of helper slegs toegelaat word om die permithouer te vervang vir die tydperk gestipuleer in die sertifikaat deur die mediese praktisyn, waartydens die permithouer nie sal kan handel dryf nie;
- 9.2.2 vir 'n geruime tyd afwesig moet wees ten einde godsdienstige of kulturele pligte te vervul, op voorwaarde dat, waar die geldigheid van die permit langer as 1 (een) maand is, die permithouer binne 1 (een) maand weer moet begin handel dryf, tensy die Stad in uitsonderlike omstandighede tot 'n langer tydperk toestem.
- 9.3 Onderhewig aan artikel 9.2, mag 'n permithouer nie 'n permit op enige wyse aan enige ander persoon oordra nie, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, deur middel van verhuring of verkoop.
- 9.4 'n Permit moet onmiddellik aan die Stadsraad terugbesorg word as die Stad sodanige permit sou herroep, ingeval die permithouer –
- 9.4.1 toestemming geweier word om die permit oor te dra en die permithouer versuim om handeldryf te hervat; en
- 9.4.2 nie meer as informele handelaar op die betrokke handelsperseel wil handel dryf nie.

## 10. VERPLIGTINGE VAN EIENAARS VAN NIE-STADSEIENDOM

'n Eienaar van nie-Stadseiendom wat in 'n handelsplan as grond afgebaken is waarop informele handel toegelaat word, moet -

- 10.1 sorg dat alle informele handel wat op die eienaar se eiendom plaasvind, aan die toepaslike handelsplan en dié Verordening voldoen;
- 10.2 enige beampte toegang tot die eienaar se eiendom verleen om die bepalinge van dié Verordening toe te pas;
- 10.3 op die eienaar se koste sorg dat voldoende dienste verskaf word om aanvaarbare higiëniese toestande ten opsigte van die informele handel te handhaaf;
- 10.4 sorg dat handel op informele-handelpersele nie op die eiendom van 'n ander grondeienaar oorskry nie.

## 11. ALGEMENE VERBODINGE OP INFORMELE HANDEL

Informele handel mag nie plaasvind -

- 11.1 in 'n tuin of park wat onder beheer van die Stad is en waartoe die publiek 'n die reg van toegang het nie, tensy die Stad sodanige gebied as handelsgebied verklaar het;
- 11.2 'n padrand of sygaardjie (soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Nasionale Padverkeer, Wet 93 van 1996) langs –
  - 11.2.1 'n gebou wat slegs deur die staat of die Stad besit of geokkupeer word nie, tensy die Stad vooraf skriftelike toestemming verleen het nadat hy -
    - 11.2.1.1 enige toepaslike handelsplan behoorlik oorweeg het; en
    - 11.2.1.2 met die eienaar van die betrokke eiendom, of waar toepaslik, met die huurder van sodanige eiendom, oorleg gepleeg het nie;
  - 11.2.2 'n plek van aanbidding, byvoorbeeld 'n kerk, sinagoge of moskee nie, tensy 'n handelsplan informele handel op dié plek toelaat; of

- 11.2.3 'n nasionale monument soos bepaal in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 36 van 1999;
- 11.3 op 'n plek waar dit –
- 11.3.1 toegang tot brandbestrydingstoerusting versper nie;
- 11.3.2 enige toegang tot of uitgang uit 'n gebou versper nie;
- 11.3.3 'n wesentliche struikelblok vir voetgangers by die gebruik van 'n sypaadjie is nie;
- 11.3.4 voertuigverkeer belemmer nie;
- 11.3.5 'n verkeersgevaar skep nie;
- 11.3.6 toegang tot straatmeubels, buspassasiersbanke en -skuilings, toustaanplekke, vullishouers of ander fasiliteite versper wat vir gebruik deur die groot publiek bedoel is nie;
- 11.3.7 die uitsig van 'n vertoonvenster van 'n sakeperseel belemmer, en die persoon wat op die betrokke sakeperseel sake doen, daarteen beswaar maak nie;
- 11.3.8 toegang tot 'n voetgangeroorgang versper nie;
- 11.3.9 toegang tot 'n voertuig versper nie;
- 11.3.10 enige padteken verberg nie;
- 11.3.11 toegang tot 'n outomatiese tellermasjien versper nie;
- 11.3.12 toegang tot parkeer- of laaiplekke of ander fasiliteite vir voertuigverkeer belemmer nie;
- 11.3.13 toegang tot 'n voetgangersarkade of -wandellaan versper nie;
- 11.3.14 die uitsig van kringtelevisiekeras belemmer nie; of
- 11.3.15 benede die hoogwatermerk val nie, tensy 'n handelsplan uitdruklik vir informele handel op dié plek voorsiening maak;

- 11.4 op die helfte van 'n openbare pad wat langs 'n gebou is wat vir residensiële doeleindes gebruik word nie, as die eienaar of bewoner van die betrokke gebou beswaar maak daarteen dat informele handel op dié plek plaasvind.

## 12. BEPERKINGE OP INFORMELE HANDEL

Geen persoon mag -

- 12.1 enige toegang tot enige diens van die munisipaliteit of munisipale diensaanleg versper nie;
- 12.2 tensy skriftelike toestemming vooraf deur die Stad verleen is, op enige openbare pad of openbare plek –
- 12.2.1 oornag op die plek waar informele handel plaasvind nie; of
- 12.2.2 enige ander struktuur oprig as dié wat in die toepaslike handelsgebiedplan en/of permitvoorwaardes gestipuleer word, met die doel om skuiling te verskaf nie;
- 12.3 as informele handelaar handel dryf op 'n manier wat –
- 12.3.1 'n ergernis skep nie;
- 12.3.2 die oppervlakte van enige openbare pad of openbare plek of enige ander eiendom wat aan die Stad behoort, beskadig of ontsier nie; of
- 12.3.3 'n verkeersgevaar skep nie;
- 12.4 enige voorwerp aan enige gebou, struktuur, sypaadjie, voetpad, boom, parkeermeter, lamppaal, elektrisiteitspaal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straatmeubels of toestel in of op 'n openbare pad of openbare ruimte vasmaak wat gewoonlik vir openbare gebruik bedoel is nie;
- 12.5 op enige plek of onder enige omstandighede 'n vuur maak waar dit enige persoon kan skaad of 'n gebou of voertuig of enige struktuur kan beskadig waarna in artikel 12.4 verwys word nie, tensy daartoe gemagtig om kos voor te berei deur oopvlam- of gasverhitte toerusting te gebruik;

- 12.6 goedere of toerusting by 'n informele handelaar aflewer of aan hom/haar verskaf as die betrokke handelaar in stryd met dié Verordening handel dryf nie;
- 12.7 nadat hy/sy deur enige persoon versoek is wat 'n aktiwiteit bedoel in artikel 8.7 uitvoer en wat toegang tot 'n fasiliteit of gebied verlang, versuim om enige goedere te verwyder of te skuif, of weier om dit te doen nie; en
- 12.8 as hy/sy toegelaat word om strandhandel te bedryf
- 12.8.1 alkoholiese produkte verkoop of aanmoedig nie;
- 12.8.2 klokke, toeters, klankversterkingstoerusting of soortgelyke toestelle gebruik wat klank voortbring, ten einde klante te lok nie; of
- 12.8.3 enige elektriese toevoer of generator gebruik nie, tensy dit uitdruklik goedgekeur is en in die betrokke permit daarvoor voorsiening gemaak word.

### 13. AFVALVERWYDERING, SKOONMAAK EN HIGIËNE

- 13.1 'n Informele handelaar moet –
- 13.1.1 die informele handelaar se aangewese informele-handelsperseel in 'n skoon en higiëniese toestand hou;
- 13.1.2 op 'n daaglikse grondslag, en na afloop van handel, alle afval, verpakkingsmateriaal, voorraad en toerusting opruim en verwyder wat gebruik word in verband met of geproduseer word deur die informele handelaar se besigheid, tensy die Stadsraad 'n skriftelike vrystelling in dié verband toestaan;
- 13.1.3 handel dryf op 'n wyse wat nie 'n bedreiging vir openbare gesondheid of openbare veiligheid is nie; en
- 13.1.4 op versoek van 'n beampte of behoorlik gemagtigde werknemer van die Stad, enige voorwerp skuif of verwyder sodat die gebied of perseel waar informele handel plaasvind, skoongemaak kan word.

- 13.2 Versuim om aan die bepalings van dié artikel of 'n wettige versoek van 'n beampte ingevolge dié artikel te voldoen, sal 'n oortreding van dié Verordening geag word, en die informele handelaar is onderhewig aan die toepassingsbepalings van dié Verordening.

#### 14. **SPESIALE GELEENTHEDE**

Die Stad mag informele handel met die oog op spesiale geleentehede toelaat of verbied volgens sodanige bepalings en voorwaardes wat hy goeddink, ondanks die bepalings van enige handelsplan of enige permitte wat ten opsigte van die betrokke handelsgebied uitgereik is.

#### 15. **RIGLYNE EN BELEID**

Die Stad mag te eniger tyd riglyne of beleid ten opsigte van informele handel in die munisipale gebied publiseer of wysig.

#### 16. **BEVOEGDHEDE EN FUNKSIES**

- 16.1 Onderhewig aan artikel 16.3 is die stadsbestuurder verantwoordelik vir
- 16.1.1 alle funksies en besluite bedoel in dié Verordening; en
- 16.1.2 die administrasie van dié Verordening.
- 16.2 Die stadsbestuurder kan enige van sy bevoegdhede of funksies deleger aan 'n toepaslike amptenaar met die bevoegdheid om te subdeleger ten einde bedryfs- en administratiewe doeltreffendheid te maksimaliseer.
- 16.3 Die besluite bedoel in artikels 6.9, 7.1.1 en 7.1.2 moet deur die raad geneem word en mag nie gedeleger word nie.

#### 17. **APPËLLE**

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur die Stad geneem is ingevolge dié Verordening kragtens 'n plig of bevoegdheid wat gedeleger of gesubdeleger is, kan ingevolge artikel 62 van die Stelselwet teen die betrokke besluit appelleer.

## 18. TOEPASSING

- 18.1 'n Beampte mag 'n skriftelike waarskuwing aan 'n persoon uitreik as dié persoon na die beampte se mening in stryd met dié Verordening met goedere handel gedryf het of dienste gelewer het, of die betrokke persoon dié Verordening op enige ander wyse oortree het, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, in stryd met 'n permitvoorwaarde of enige ander toepaslike wet.
- 18.2 Ingeval 'n persoon 'n oortreding voortsit of herhaal ten opsigte waarvan 'n skriftelike waarskuwing reeds aan die betrokke persoon uitgereik is, mag 'n beampte dan, in die geval van 'n informele handelaar, beslag lê op enige eiendom wat die informele handelaar gebruik om informeel handel te dryf, en in die geval van enige ander persoon, op enige eiendom, met inbegrip van, maar nie daartoe beperk nie, goedere, toerusting, strukture en motorvoertuie, in welke geval die beampte –
- 18.2.1 'n volledige inventaris moet opstel van alle eiendom waarop beslag gelê is, en sodanige inventaris moet inligting insluit oor die gevolge van sodanige beslaglegging, as die persoon sou versuim om die beslagleggingskoste te betaal en die goedere af te haal;
- 18.2.2 die persoon van 'n afskrif van die inventaris moet voorsien; en
- 18.2.3 onmiddellik die goedere waarop beslag gelê is, moet berg in 'n gebied wat die Stad aangewys het vir die berging van goedere waarop beslag gelê is.
- 18.3 Eiendom waarop beslag gelê is, kan vrygestel word by voorlegging deur die betrokke persoon van die inventaris bedoel in artikel 18.2 en die betaling van die beslagleggingskoste, op voorwaarde dat die Stad redelikerwys oortuig is dat die betrokke persoon nie by vrystelling van die eiendom sal voortgaan om enige oortreding te pleeg wat tot die beslaglegging op die eiendom gelei het nie; verder op voorwaarde dat, waar die Stad nie daarvan oortuig is nie, hy die goedere vir tot 30 (dertig) dae na die betaling van enige boete en/of beslagleggingskoste kan terughou.
- 18.4 Bederfbare goedere waarop beslag gelê is, kan te eniger tyd na die beslaglegging deur die Stad verkoop of andersins van die hand gesit word.

Die Stad kan die goedere vernietig as die toestand van dié goedere dit ongeskik vir menslike gebruik maak.

- 18.5 Ander eiendom as bederfbare goedere waarop beslag gelê is, mag deur die Stad verkoop word as die eienaar nie die beslagleggingskoste binne 1 (een) maand van die beslagleggingsdatum van sodanige eiendom betaal, of kan betaal nie.
- 18.6 Ingeval die eiendom waarop beslag gelê is, ingevolge artikels 18.4 of 18.5 deur die Stad verkoop is, en by voorlegging van die inventaris bedoel in artikel 18.2.1 deur die eienaar, moet die Stad aan die betrokke eienaar –
- 18.6.1 die opbrengs van die transaksie minus die beslagleggingskoste betaal;  
of
- 18.6.2 as die eienaar vroeër die beslagleggingskoste betaal het, die opbrengs sonder enige sodanige aftrekking aan die eienaar betaal.
- 18.7 As die eienaar nie die opbrengs verkry uit die verkoop van die goedere waarop beslag gelê is, binne 3 (drie) maande van die beslagleggingsdatum eis nie, sal die opbrengs aan die Stad verbeur word.
- 18.8 As 'n informele handelaar, na die redelike mening van 'n beampte, van handel in onwettige goedere verdink word, of 'n verskaffer bedoel in artikel 12.6 die handelaar van onwettige goedere voorsien, mag sodanige goedere onmiddellik verbeurd verklaar word. Ingeval van sodanige verbeurdverklaring moet die beampte
- 18.8.1 'n volledige inventaris opstel van alle goedere wat verbeurd verklaar is;
- 18.8.2 die informele handelaar of persoon bedoel in artikel 12.6 van 'n afskrif van die inventaris voorsien; en
- 18.8.3 onmiddellik die verdagte onwettige goedere in besit van die Suid-Afrikaanse Polisie diens oorgee.

## 19. MISDRYWE

Enige persoon wat –



- 19.1 enige bepaling van dié Verordening oortree of versuim om aan enige voorwaarde te voldoen wat ingevolge daarvan opgelê is;
- 19.2 enige beampte of enige werknemer van die Stad dreig, lasting val of dwarsboom by die uitvoering van amptelike pligte of funksies ingevolge dié Verordening; of
- 19.3 opsetlik onjuiste of misleidende inligting aan 'n beampte of 'n werknemer van die Stad verskaf;

begaan 'n misdryf en stel hom/haar by skuldigbevinding bloot aan 'n boete van hoogstens R5 000,00 (vyfduisend rand) of tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 (drie) maande, onderhewig aan die Wet op die Aanpassing van Boetes, Wet 101 van 1991.

## 20. OORGANGSBEPALINGS

Nieteenstaande die aanvaarding van dié Verordening

bly enige verklaring ingevolge die Wet op Besighede van 'n gebied binne die regsgebied van die Stad as gebied waarin handeldryf as straatverkoper, venter of smous beperk of verbode mag wees, geldig tot tyd en wyl die Stad 'n handelsplan ten opsigte van sodanige gebied ingevolge dié Verordening aanvaar;

- 20.1 ingeval 'n huurooreenkoms of permit aan 'n informele handelaar uitgereik is voor die aanvaarding van dié Verordening, wat handel op 'n bepaalde perseel toe laat, bly sodanige permit geldig totdat die Stad 'n geïntegreerde permitstelsel aanvaar wat aan die permitstelsel bedoel in dié Verordening voldoen.

## 21. HERROEPING VAN VERORDENINGE

Die volgende Verordeninge word hiermee herroep:

- 21.1 Verordening wat in die Provinsiale Koerant van 13 Desember 1996, PN 522/1996, gepubliseer is ten opsigte van die gebied van die voormalige Kaapstadse munisipaliteit.
- 21.2 Verordening wat in die Provinsiale Koerant van 23 April 1999, PN 136/1999, gepubliseer is ten opsigte van die gebied van die voormalige Stad Tygerberg.

- 21.3 Verordening wat in die Provinsiale Koerant van 27 Augustus 1999, PN 282/1999, gepubliseer is ten opsigte van die gebied van die voormalige Blaauwberg-munisipaliteit.
- 21.4 Verordening wat in die Provinsiale Koerant van 20 November 1998, PN 633/1998, gepubliseer is ten opsigte van die gebied van die voormalige Suid-Skiereiland-munisipaliteit.
- 21.5 Verordening wat in die Provinsiale Koerant van 10 Maart 2000, PN 76/2000, gepubliseer is ten opsigte van die gebied van die voormalige Helderberg-munisipaliteit.
- 21.6 Verordening wat in die Provinsiale Koerant van 29 Mei 1998, PN 290/1998, gepubliseer is ten opsigte van die gebied van die voormalige Oostenberg-munisipaliteit.

## 22. Kort titel en inwerkingtreding

Dié Verordening word die Stad Kaapstad se Verordening op Informele Handel genoem, en tree in werking op die datum van publikasie in die *Provinsiale Koerant*.

ooooOOOOOoooo

**ISIXEKO SASEKAPA**

**UMTHETHO KAMASIPALA WORHWEBO OLUNGABHALISWANGA  
NGOKUSESIKWENI**

## IPHEPHA LEZIQULATHO

	<b>Iphepha</b>
1. IMBULA-MBETHE .....	3
2. UKUTOLIKWA.....	3
3. IINTLOBO ZAMASHISHINI ANGABALISWANGA NGOKUSESIKWENI.....	6
4. ILUNGELLO LOKUQHUBA URHWEBO OLUNGABHALISWANGA NGOKUSESIKWENI.....	7
5. UKWAMKELWA KWEZICWANGCISO ZORHWEBO .....	7
6. INDIMA YOLUNTU NGOKUPHATHELENE NOKWAMKELWA KWESICWANGCISO SORHWEBO.....	9
7. IZILUNGISO, UKURHOXISWA NOKUHLALUTYWA KWEZICWANGCISO ZORHWEBO.....	11
8. AMAPHEPHA-MVUME.....	11
9. UKUTSHINTSHWA KWAMAPHEPHA-MVUME.....	15
10. UXANDUVA LWABANIKAZI BEPROPATI ENGEYEYOYESIXEKO.....	16
11. IIMEKO GABALALA ZOKUTHINTELWA KOSHISHINO OLUNGABHALISWANGA NGOKUSESIKWENI.....	16
12. IZITHINTELO KURHWEBO OLUNGABHALISWANGA NGOKUSESIKWENI.....	18
13. UKUTHUTHWA KWENKUNKUMA, UKUCOCA NEMPILO.....	19
14. AMATHEKO AKHETHEKILEYO .....	20
15. IZIKHOKELO NEMIGAQO .....	20
16. AMAGUNYA NEMISEBENZI.....	20
17. IZIBHENO .....	20
18. UKUNYANZELISWA.....	21
19. AMATYALA.....	22
20. IZIBONELELO ZETHUTYANA.....	23
21. UKURHOXISWA KWEMITHETHO KAMASIPALA.....	23
22. ISIHLOKO ESIFUTSHANE NOKUQALISA.....	24

## 1. IMBULA-MBETHE

- 1.1 NgokoMgaqo-siseko, isiXeko ngumthwalo waso “*imithetho yezorhwebo*”, “*iimarike*”, “*urhwebo ezitratweni*” kunye “*neebhitshi*” ezikummandla waso ngokomthetho. Ezinye zeenjongo zesiXeko kukukhuthaza ukuphuhlisa kwentlalo noqoqosho.
- 1.2 IsiXeko siyayihlonipha indima ephambili edlalwa lurhwebo olungabhaliswanga ngokusesikweni ekulweni nendlala, ukungenisa imali nokuphuhlisa ushishino olukhulayo ingakumbi ifuthe elihle urhwebo olungabhaliswanga ngokusemthethweni elinalo kuluntu olwaluhlelekile ngaphambili.
- 1.3 IsiXeko siyaqonda imfuneko yokugxininisa indlela ephuhliso kushishino olungabhaliswanga ngokusesikweni ukuze kudaleke iimeko ezikukhuthazayo ukukhula kwamashishini kurhwebo olungabhaliswanga ngokusesikweni.
- 1.4 IsiXeko siyaqonda imfuneko yentsebenziswano eyiyo phakathi kwamashishini abhaliswe ngokusesikweni nalawo angabhaliswanga ngokusesikweni ukuze bakhuthaze ukuphuhla kwentlalo noqoqosho kummandla kamasipala olawulwa ngokukuko.
- 1.5 Lo mthetho kaMasipala ke ngoko ujolise:-
- 1.5.1 ekuhlnganiseni yonke imithetho kaMasipala eyaphunyezwa ngokwemithetho yangaphambili yesiXeko ibe ngumthetho kaMasipala omnye; kwakunye
- 1.5.2 nasekulawuleni urhwebo olungabhaliswanga ngokusesikweni olukummandla ophantsi kwakhe ngokomthetho.

## 2. UKUTOLIKWA

Kulo mthetho kaMasipala, lowo ubhalwe ngesiNgesi ngosisikhokelo xa kunokubakho ukungaqiniseki ngebhalwe ngesi-Afrikansi okanye isiXhosa, ngaphandle kokuba kubhekiswa kwenye into –

- 2.1 “*ibhitshi*” ithetha indawo yomhlaba ephakamileyo neyayamene nonxweme lolwandle kwaye ibandakanya nengca ekudini (kwiindawo ekhoyo kuzo loo ngca);
- 2.2 “*urhwebo ebhitshini*” luthetha ukushishina okungabhaliswanga ngokusesikweni okuqhubeka ebhitshini kwaye kubandakanya ukushishinela kwiindawo zokumisa izithuthi ezikufutshane nebhitshi;
- 2.3 “*umntu omnyama*” ligama eliqakayo ekubhekiswa kulo kuMthetho wokuQeshwa ngokuLingana, uNombolo 55 ka-1998 othetha abaNtsundu, abeBala, amaNdiya namaTshayina aseMzantsi Afrika;

- 2.4 **“uMthetho wamaShishini”** uthetha uMthetho wamaShishini, uNombolo 71 ka-1991 kubandakanya nemithetho ephunyezwe phantsi kwawo;
- 2.5 **“isiXeko”** sithetha umasipala weSixeko saseKapa owamiselwa ngokufanelekileyo ngokoMthetho weZakhiwo zikaMasipala: uRhulumente wooMasipala, uNombolo 117 ka-1998;
- 2.6 **“ipropati yesiXeko”** ithetha ipropati eyeyesiXeko, esiqeshise ngayo okanye elawulwa sisiXeko;
- 2.7. **“uMgaqo-siseko”** uthetha uMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, ka-1996;
- 2.8 **“iBhunga”** lithetha iBhunga lesiXeko njengoko kucaciswe kwicandelo 118 loMthetho weZakhiwo zikaMasipala: uRhulumente wooMasipala, uNombolo 117 ka-1998;
- 2.9 **“uphawu olubonakalisa umthamo wamanzi”** luthetha uphawu olubonakalisa ubuninzi bamanzi njengoko kucacisiwe kuMthetho wezeNxweme loLwandle, uNombolo 21 ka-1935 njengoko umana ulungiswa amaxesha ngamaxesha;
- 2.10 “umntu owayehlelekile ngaphambili” uthetha ummi woMzantsi Afrika
- 2.10.1 omnyama;
- 2.10.2 ongumfazi; okanye
- 2.10.3 nokhubazekileyo
- 2.11 “impahla ezingekho mthethweni” zithetha
